

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2. 26 Vol. 319 Pg. 18 245 - 18 305.

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1987-11-18

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

319

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

ISMAIL AYOB & PARTNERS
COPY
FOR YOUR INFORMATION

VOLUME 319

(Bladsye 18 245 - 18 305)

HOF HERVAT OP 18 NOVEMBER 1987.

KHEHLA VITALIS NAMANE, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U Edele, beskuldigde nr. 1 het gaan eksamens skryf vandag. Hy is nie by die hof nie, soos wat u reeds verlof verleen het.

HOF : Dit word genotuleer, dankie.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Namane, ons het gister afgesluit of was gister besig gewees met die dokument BEWYSSTUK AN15(ii). -- Ja.

Dit is so dat op die vergadering was daar spesifiek (10) gemeld dat die jeug moet saam met die ouers en die werkers werk in hulle stryd in die Vaal? -- Wat gesê was is dat die ouerige kinders sal deelneem.

Toe gesê is die ouerige kinders, watter ouerige kinders, van watter ouderdomme af? -- Volgens my verstaan van ouerige kinders is dit kinders tussen die ouderdomme van 18 en 26.

En is dit spesifiek op die vergadering gesê kinders van 18 tot 26 sal deelneem? -- Al was dit nie spesifiek so verduidelik nie, maar ek sien nie 'n rede hoekom daar jonger kinders daarby betrokke sou gewees het wat nog nie eers in staat was (20) om verantwoordelik gehou te kan word nie.

Want ek wil dit aan u stel, die resoluë wat daar bespreek was, toe was dit bespreek en dit was belangrik dat die kinders op Maandag, 3 September 1984 nie skool toe sou gaan nie en belangrik dat hulle sal deelneem aan die opmars en die wegbly-aksie? -- Ek het alreeds vir die hof hier gesê dat kinders wat hier betrokke sou gewees het, is dié wat verantwoordelik gehou kan word en die jonger kinders sou nie skool toe gegaan het nie. Die rede daarvoor was dat die onderwysers wat dan in beheer is by die skole is inwoners. Dus sou hulle as (30) inwoners/...

inwoners die dag saam met ons gewees het.

En ek wil dit aan jou stel ook dat dit word reg weergegee in BEWYSSTUK AN15(ii) waar dit hier gesê word dat "no children or worker must go to school or work on Monday, 3 September 1984"? -- h Klein kind se gaan na die skool toe sou niks gehelp het as die onderwyser nie daar is nie.

Die insident met die persoon wat daarso verhoed was om te praat ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Gaan u nou weg van die kinders en die skole af? (10)

MNR. JACOBS : Dit is reg.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mnr. Namane, u sê u eie kinders het skool toe gegaan die dag? -- Ja, hulle het gegaan.

Maar wanneer het hierdie besprekings dan plaasgevind toe daar besluit is omdat die onderwysers nie sal gaan nie, sal die kinders ook nie gaan nie? Was dit dan nie voor die tyd nie? -- Dit was bespreek voor die dag dat die kinders skool toe gegaan het.

Ek begryp nie u getuienis nie. U sê al was dit so bespreek het u nogtans u kinders skool toe laat gaan? Ek (20) verstaan nie hoekom nie? -- Ek het geen kind verhoed om skool toe te gaan of enige kind toegelaat om skool toe te gaan nie, want toe die kinders weg is, het ek nog geslaap. Dus het ek nie gesien toe hulle die plek verlaat het nie, maar toe ek wakker word, het hulle alreeds teruggekom.

MNR. JACOBS : Die insident met die persoon wat verhoed was om te praat op die vergadering van 26 Augustus 1984, is dit nie so dat die persoon het uit die gehoor uit gepraat nie?

HOF : Die persoon wat wat gesê het?

MNR. JACOBS : Wat verhoed was om te praat, wat hy later (30)

geïdentifiseer/...

geïdentifiseer het, wat hy gesien het ook by die Landdroskantoor. -- Die persoon toe hy opgestaan het was nie ver agter in die gehoor nie. Hy was daar voor, dit wil sê by die voorste klomp van die gehoor. Dit is waarvandaan hy opgestaan het.

Ek praat van toe hy opgestaan en begin praat het? -- Ja, hy het toe begin praat.

Hy het nie sy sitplek verlaat nie. Toe hulle hom gestop het, het hy net weer daar gaan sit? -- Hy het wegbeweeg van die plek af waar hy gesit het, na vorentoe. Dit wil sê (10) na die nabyheid van die verhoog.

Het hy tot op die verhoog gegaan? -- Nee, hy het nie.

Is dit so dat toe die mense nou hoor dat hy was n kandidaat gewees in die verkiesing, volgens die bewering van hierdie vrou, was hulle kwaad gewees? -- Dit het n geraas veroorsaak wat ek nie kan sê of dit nou as gevolg was van die feit dat die gehoor kwaad was nie, want al wat gesê was in hierdie geraas was die ander mense het gesê dat die persoon toegelaat word om te praat en party het gesê nee, hy moenie toegelaat word nie. (20)

Dié wat gesê het nee, hy moenie toegelaat word nie, was hulle kwaad gewees? Het hulle geskreeu? -- Ek het nie opgelet nie.

Die mense het nou daar teen mekaar so geskreeu en te kere gegaan, is dit reg, sodat twee mense moes probeer om hulle stil te kry? -- Ja.

En is dit reg dat hierdie vrou wat die hele ding aan die gang gesit het, sy was agter in die saal gewees? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Waar was sy gewees? -- Sy was voor my gewees agter (30)

hierdie/...

hierdie spreker.

HOF : Waar was u in die saal? -- Ek skat ongeveer op die vyfde of die sesde ry stoele van voor af het ek gesit.

MNR. JACOBS : En die mense wat nou geskreeu het hy kan nie praat nie, waar was hulle gewees? Was hy agter in die saal? -- Orals, voor, in die middel en agter was hulle gewees.

Ek wil dit aan u stel dat as daar so 'n lawaai in die saal was en die mense so teen mekaar geskreeu het, kon jy nie gehoor het wat al die mense sê nie. Jy kan nie vir die hof sê wat die mense gesê het nie? -- Wat ek gehoor het (10) is die mense wat gesê het dat hy toegelaat moet word om te praat en die ander wat gesê het hy moenie toegelaat word nie. Wat verder toe daar gesê was nee, dit het ek nie gehoor nie.

So, jy kon nie alles hoor nie. Is dit reg? -- Ja.

En is dit nie ook reg nie, dat jy kan ook nie eers onthou wat alles geskreeu is daar nie? Dit het baie lank terug gebeur? -- Ek onthou dit wat ek nou hier voor die hof gesê het dat ek gehoor het.

Maar jy onthou nie alles meer wat jy gehoor het nie. Dit is al wat jy onthou, hierdie bietjie? -- As mense praat (20) en lawaai maak soos beskryf word deur my, glo ek nie dat enige persoon in staat sal kan wees om vir ander persone te kan sê wat alles gesê en wie dit gesê het en wat deur so 'n persoon gesê is nie.

Is dit reg op hierdie vergadering het een spreker na die ander wat daar opgestaan het en gepraat het, aanvalle geloods teen raadslede. -- Ja.

Almal van hulle was heeltemal ontevrede met die raadslede en kwaad vir die raadslede? -- Dit is die waarheid.

En almal van hulle het die raadslede uitgemaak vir (30)

slegte/...

slegte mense, onder andere "puppets"? -- Nee, nee, ek verstaan nou nie wat beteken die woord "puppet" nie.

Weet jy wat is h "sell-out"? -- Ja, as dit so gebruik word, klink dit dat ek nou verstaan wat gesê word.

Is dit so gedoen?

HOF : Wat is h "sell-out"? -- Dit beteken h persoon wat sy medemens verraai.

MNR. JACOBS : Was die raadslede dan uitgemaak daar deur die sprekers as persone wat hulle medemense, swart mense, verraai?

-- Ja.

(10)

Was die raadslede ook daar uitgemaak as mense wat saam met die regering die swart mense onderdruk?-- Nee, ek kan nie onthou dat sulke woorde gebesig was nie.

Was dit daar gesê dat hierdie swart mense - hierdie raadslede wat die swart mense verraai, is dan h deel van die vyand van die swart mense. -- Nee, dit was nie so gestel nie.

HOF : Hoe is dit gestel? -- Wat gesê was is dat hierdie mense, met verwysing na die raadslede, word verryk met die sweet en die gebrek van die arm mense se bekwaamheid om sekere dinge te bekostig.

(20)

MNR. JACOBS : Hoe is gesê om wat se dinge te bekostig? -- Deurdat die huur verhoog word wat deur die mense betaal moet word wat eintlik nie soveel het om dit te kan bekostig nie.

Maar ek verstaan nou nog nie hoe word die raadslede daardeur verryk nie? Wat is daar op die vergadering gesê hoe word die raadslede daardeur verryk nie? -- Dit is omdat dit opgelet is dat die raadslede, as hulle aansluit by die raad en wanneer hulle verkies word in die raad, dan is hulle net soos gewone ander mense, maar nie lank nadat hulle op(30)

die/...

raad gekies is nie, begin hulle ryk word.

Is dit gesê daar hoe dat hy ryk word? -- Dit was nie gesê daar nie, maar volgens my siening, dit is as gevolg van die omkoperij wat hulle ontvang van mense wat na hulle toe gaan met versoeke dat hulle ryk word.

So, dit is nie op die vergadering gesê nie, sê jy? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Wat is op die vergadering gesê, hoe verraai die raadslede die swart mense? -- Dit was nie verduidelik hoe dit gedoen word nie. (10)

Mnr. Kabi, was hy ook kwaad vir die raadslede toe hy daardie gehoor toegesprek het? -- Ek sal nie sê hy was kwaad nie, maar hy was ook nie bly gewees nie.

Kan jy onthou wat hy gesê het of kan jy nie meer vandag onthou wat mnr. Kabi gesê het nie? -- Al sal ek nie in staat wees om alles aan te haal in sy toespraak nie, is daar wel iets wat ek onthou wat hy gesê het.

Het hy ook raadslede aangeval? -- Ja, dit is so.

Het hy ook gesê hulle is verraaiers? -- Ja, dit is so.

Het hy ook gesê hulle is oneerlike mense? -- Ja, dit (20) is so.

Volgens sy toespraak, het hy 'n persoonlike aanval geloods daar teen mnr. Rabotapi? -- Ja, hy het iets gesê oor Rabotapi.

Dat hy ook 'n verraaiër is? -- Ja.

En dat hy oneerlik is? -- Dit is so.

Het hy ook gepraat van mnr. Liphoko dat hy - mnr. Liphoko wat na verwys word is 'n raadslid? -- Ek kan nie onthou dat hy van mnr. Liphoko gepraat het nie.

Jy kan glad nie onthou of hy sy naam genoem het nie? (30)

As/...

-- As hy van Liphoko melding gemaak het, sou ek vandag vir die hof hier gesê het dat ek onthou dat hy melding gemaak het van hom. Ek sal u sê hoekom. Liphoko was goed bekend aan my en n persoon aan wie ek gewoon was.

Maar jy het ook nou net vir die hof gesê jy kan nie alles onthou wat hy gesê het nie? -- Dit is heeltemal reg. Dit is wat ek gesê het, maar wat Liphoko betref, dit moes ek onthou het, want hy was n vriend van my wat aan my bekend is en ook n vriend. Dit sou ek nie vergeet het nie.

Was mnr. Liphoko van Evaton n raadslid? -- Ek het hom(10) geken as n persoon wat betrokke is by die huurmotors.

Het jy geweet dat hy n raadslid was?

HOF : n Eienaar of n bestuurder van huurmotors of wat? --
Hy was n eienaar van huurmotors.

Het hy hom self bestuur? -- Ja, hy het ook huurmotors bestuur.

Hy was nie n winkelier nie? -- Hy was n winkeleienaar ook.
MNR. JACOBS : Weet jy of weet jy nie of hy n raadslid was nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Lewe mnr. Liphoko nog? -- Hy is oorlede gedurende 1984.(20)

Op vreedsame wyse? -- Nee, dit blyk dat dit as gevolg van n ongeluk was.

Is hy aangeval in die oproer? -- Ja.

MNR. JACOBS : As jy so n goeie vriend van die mnr. Liphoko was en hy was n raadslid, dan sou u dit mos geweet het, is dit nie? -- Ek sou nie daarvan geweet het nie. n Persoon wat ek beskou as n vriend, is n persoon met wie ek nog nooit vantevore moeilikheid gehad het nie, ook nie n woordewisseling gehad het nie, n persoon wat ons mekaar nog goed gegroet het. Dit is n persoon wat ek sê is n vriend. (30)

HOF : As u geweet het hy is h raadslid sou hy nie meer h vriend van u gewees het nie? -- Nee, ons sou nog mekaar gegroet het en gevra het hoe gaan dit.

MNR. JACOBS : Sou hy nog h vriend gewees het? -- Ja.

Kan ek net duidelikheid kry oor die mnr. Liphoko. Het julle by mekaar gereeld gekuier? -- Nee, nee, hy weet nie eers waar ek woon nie.

Het jy geweet waar hy woon? -- Ja, ek het geweet.

Waar het hy gewoon? -- Evaton.

Jy het hom nooit daar besoek by sy huis in Evaton nie?(10)
-- Nee, ek het hom nog nie besoek by sy huis nie.

Het jy geweet dat Liphoko h raadslid was? -- Nee, dit het ek nie geweet nie.

Wat vir my dan eienaardig is, jy weet nie of daar h ander Liphoko was nie. Nou sê jy vir die hof dat hierdie Liphoko waarna verwys was deur mnr. Kabi is die vriend van julle.

HOF : Hy sê daar is nie verwys na h Liphoko wat hy kan onthou nie. Daar is verwys na h Rabotapi.

MNR. JACOBS : Ek wil dit dan aan u stel, u kan nie onthou wat presies mnr. Kabi gesê het, behalwe dat hy - laat ek dit so(20) stel. Het hy ook aangedring daarop dat daar van die raadslede ontslae geraak moet word? -- Herhaal die vraag? Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Het hy daarop aangedring dat daar van die raadslede ontslae geraak moet word dat hulle moet bedank en nie meer raadslede moet wees nie? -- Wat ek onthou van wat Kabi gesê het is dat Rabotapi is besig om die voorvaders se land te verkoop, die land wat eintlik aan die mense behoort.

Kan jy onthou, het hy ook aangedring dat die raadslede moet bedank, dat hulle verwerp moet word deur die gemeenskap?(30)

-- Al het hy dit gesê, kan ek dit nie onthou nie.

Is dit 'n ernstige ding iemand in die swart gemeenskap die voorvaders se gronde, eiendom verkoop? Word dit baie ernstig beskou? -- Ja, ek beskou dit as 'n ernstige ding wat eintlik nie moet plaasvind nie, wat in hierdie land is daar mense wat daarop woon en as dit verkoop word, waar gaan daardie mense nou bly wat op die land gewoon het?

Het dit ook 'n religieuse betekenis dat 'n mens nie moet inmeng met die eiendom van die voorvadergeeste nie? -- Ja.

Om so 'n aantyging te maak is 'n baie ernstige aantyging, (10) is dit nie? -- Dit is net nie aanvaarbaar nie.

En dit het die mense kwaad gemaak ook op die vergadering? -- Die gemeenskap het dit nie aanvaar nie.

My vraag is, het dit hulle kwaad gemaak? -- Ek is nie in staat om so 'n vraag te antwoord nie.

Het die mense nie daarop ook gereageer dat hulle saamstem deur "Awethu, Amandla, Awethu" te skreeu nie? -- Hulle het dit gedoen.

Kan u vir die hof sê, dit was nie op hierdie vergadering die eerste keer dat jy gesien het dat aangedring word dat (20) raadslede moet bedank nie? -- Ja, dit was nie die eerste keer nie, want die eerste keer toe ek daarvan bewus geword het dat dit gesê was, was dit gesê deur die raadslede wat dan daar gestaan het as kandidate om in die raad gekies te word. Dus het hulle gesê die ander moet bedank.

HOF : Dit is nou nie duidelik nie. 'n Mens bedank in die middel van jou termyn of in die loop van jou termyn. As jou termyn afloop, dan noem jy dit nie bedank nie, dit is net eenvoudig die termyn is beëindig en jy hou op om 'n raadslid te wees vanself en aan die einde van 'n termyn as daar 'n (30)

nuwe/...

nuwe verkiesing dan sê van die kandidate "Stem vir my en nie vir die ander man nie, dat ek kan inkom, dat hy nie inkom nie." Die vraag het nie daarmee te doen nie. Die vraag het te doen of dit die eerste keer is dat u sien dat aangedring word dat raadslede bedank of soos dit in u terminologie gebruik word "resign"? -- Ja.

Dit was die eerste keer by die vergadering? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Jy het nie in koerante gelees dat daar op ander plekke ook vergaderings gehou was waar gevra is dat raads-(10) lede moet bedank nie? Dit het jy nooit in 'n koerant gesien nie? -- Nee, ek het nie van so 'n berig gelees in die koerante nie.

Julle het nou besluit julle sal aandring dat die raadslede moet bedank. Is daar toe bespreek wat gaan nou gebeur as hulle geboikot word en hulle word gevra om te bedank en hulle doen dit nie, hoe gaan julle ontslae raak van die raadslede? -- Ons het gesê as hulle nie bedank nie, dan gaan ons die raadslede se besighede nie gebruik nie, deur te sê ons gaan nie van hulle besighede koop nie. (20)

Verstaan ek jou dan korrek dat dit was op voorwaarde gewees, hierdie besluit dat die raadslede geboikot moet word, dat dit sal alleen geboikot word, hulle besighede, as hulle nie bedank nie? -- Ja. Om hulle bewus te maak dat hulle kan besef dat ons nie saam met hulle stem nie.

Dit is nie besluit daar op daardie vergadering dat in die vervolg moet hulle besighede geboikot word nie, in die vervolg sal julle nie meer by hulle petrol ingooi, by hulle garages nie. Dit is nie so besluit nie? -- Ons koop eintlik ook nie vleis by die slaghuise wat hulle eien nie. (30)

HOF : Ook nie sigarette nie. Stel die vraag nou duidelik.

MNR. JACOBS : Was dit daar besluit gewees op die vergadering - was daar n spertyd gestel gesê kyk, binne so n lang tyd dan moet die raadslede bedank en as hulle nie binne daardie tydperk bedank nie, dan gaan ons hulle besighede boikot? -- Wat gesê was is dat ons boikot die besighede van hierdie mense.

Sommer dadelik? -- Ja.

En as dit nie sou slaag as julle hulle boikot nie en hulle bedank nie, wat dan? Hoe moes julle dan ontslae (10) raak van die raadslede? -- Wat gesê was is dat ons gaan voort met die boikot van die mense se besighede tot tyd en wyl hulle bedank.

Jy antwoord nie my vraag nie. My vraag is, as hulle weier om te bedank, nieteenstaande die boikot, wat was bespreek en wat was besluit wat sou julle dan doen? -- Ek het die vraag beantwoord deur te sê wat gesê was daar is dat ons gaan die besighede van die raadslede boikot. Wat nou gedoen sal word as hulle besluit om nie te bedank nie of bedank, dit was nie bespreek nie, maar ons het die (20) hoop gehad dat as ons die besighede boikot, sal hulle bedank.

U het ook getuig in die hof dat u het voor die verkiesing van die raad in 1983, n vergadering bygewoon en daar het u nou oortuig geraak dat u nie met stem in die komende verkiesing nie. Is dit korrek? -- Dit is so, ja.

Op die vergadering waar jy dan was, wat het daar gebeur? Het daar ander mense gekom op die vergadering en die raad in n slegte lig gestel op daardie vergadering? -- Die vergadering wat ek bygewoon het voor hierdie vergadering wat ek bygewoon het by die Roomse Kerk, was n vergadering (30)

gewees/...

gewees wat deur die raadslede belê was.

Net om duidelikheid te kry. Toe jy sê dit is deur die raadslede belê, was dit na die verkiesing of voor die verkiesing? Dit is die verkiesing van November 1983? -- Nee, daardie een wat u nou noem weet ek glad nie van nie. Ek het dit nie eers bygewoon nie.

Ek vra vir u watter vergadering was dit? Was dit die een wat u van die raadslede bygewoon het? Luister na die vraag, asseblief? Jy sê nou vir die hof, behalwe hierdie vergadering van 26 Augustus 1984, het jy 'n vergadering van (10) die raadslede bygewoon. Om duidelikheid te kry wil ek nou net van jou weet, die vergadering van die raadslede wat jy bygewoon het, was dit na die verkiesing van die raadslede in November 1983 of was dit voor November 1983 se verkiesing? -- Nou verstaan ek. Dit was 'n vergadering voor die verkiesings in November 1983.

Toe was dit nog nie raadslede nie, maar kandidate. Is dit reg? Mense wat verkiesingsvergaderings gehou het wat kandidate was in die verkiesing? -- Ja.

Watter kandidaat se vergadering was dit? -- Dit was (20) mnr. Mkhawane se wyk en party se vergadering, want hy was die kandidaat gewees om gekies te word vir daardie wyk.

HOF : Wat was sy party? -- Ek weet nie wat die naam was nie.

MNR. JACOBS : As ek jou reg verstaan was mnr. Mkhawane 'n buurman van jou. Sy huis is blykbaar net agter joune as ek reg verstaan het? -- Dit is die waarheid.

HOF : Grens julle drade aan mekaar? Het julle gemeenskaplike grenslyne? Dit is beter? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is julle vriende? -- Ons is bure wat goed klaar kom.

(30)

Nie/...

Nie baklei en stry of iets van die aard nie? -- Daar is niks moeilikheid tussen ons nie. Selfs ons vrouens hou van mekaar en ons kinders hou van mekaar. So, daar is nie 'n probleem nie.

Is sy vrou se naam Gertrude? -- Nee, ek weet nie wat haar naam is nie. Ons noem mekaar op die vanne.

Kuier julle by mekaar? -- Ja.

So, op jou definisie van vriend, wat 'n vriend is, dan is hy eintlik 'n vriend van jou? -- Ja, hy is nou 'n groot vriend van my. (10)

HOF : Wat is sy voornaam? -- Ek het net die voornaam vergeet, want dit is omtrent 'n lang tyd wat ek hom nie meer sien nie. Ek het sy naam vergeet.

Het hy getrek? -- Ja, hy het getrek.

Wanneer het hy getrek? -- Sy huis is aan die brand gesteeek en hy het ook sommer in daardie tyd verdwyn.

MNR. JACOBS : Ek kan miskien op hierdie stadium net iets by vra. Die Teachers Training College, is dit ook daar naby jou huis en Mkhiwane se huis? -- Ja, dit is nie baie ver nie, 'n entjie van ons af. (20)

Daar van hulle huis af sal jy kan sien tot op die Teachers Training College? -- Nee, van my perseel af kan jy nie die onderwyskollege sien nie. Die rede daarvoor is dat Mkhiwane het die soort van omheining opgesit wat bekend staan as "Stop nonsense" en 'n mens kan nie deur daardie ding sien om anderkant die huis van Mkhiwane te kan sien waar jy die onderwyskollege kan sien nie.

My vraag was gewees van sy huis af, kon jy die Training College sien? Dit was my vraag gewees? -- Jy kan nie sien nie. (30)

HOF : As jy bo-oor die "stop nonsens " loer? -- Jy kan nie bo-oor loer nie, want die oë is met my. So, jy kan nie bo-oor daardie muur sien nie.

MNR. JACOBS : As jy by Mkhwane se huis is, van daar af, kan jy - voor sy huis, in die straat of op sy stoep, sal jy daarvanaf die Teachers Training College kan sien? -- Nee, dit is ook nog nie sigbaar nie, want daar is nog baie huisstrukture voor Mkhwane se huis wat jou uitsig versper.

Ek wil net terugkom na daardie vergadering wat Mkhwane gehou het voor die verkiesing. Hy was 'n vriend van jou, h(10) baie goeie vriend en jy het toe besluit om nie vir hom te stem nie. Op daardie vergadering moes daar dan iets gebeur het wat gemaak het dat jy nie stem nie? -- Ja, iets het gebeur.

Is dit deurdadig dat mense daar op die vergadering gekom het om vir hom 'n moeilike vraag te vra? -- Ek het nie moeilike vrae gehoor wat gevra is nie. Ek het net gehoor daar is wel vrae wat gevra word wat eintlik vrae is wat normale vrae is of wat normaalweg as 'n normale vraag beskou kan word.

HOF : Wat het u 'n afkeur gegee aan die kandidatuur van (20) mnr. Mkhwane? -- Word ek miskien 'n bietjie toegelaat om uit te brei in my antwoord van hierdie vraag?

Ja, as dit nodig is. -- Toe ek by hierdie vergadering van Mkhwane gekom het, het Mkhwane beloftes gemaak. In die beloftes wat hy gemaak het, het hy gesê dat die raadslede wat eintlik nou pad moet gee, is mense wat eintlik nie eerlik was nie. Hy het self gesê die raadslede wat tans dien in hierdie raad, het aangesluit daar. Met hulle aansluiting daar was hulle arm gewees en na hy aangesluit het by die raad, drie of vier maande later, wat hy in die raad dien, (30)

sal/...

sal jy sien dat n persoon nou met n kar ry, n ding wat hy nie gehad het nie en die tweede ding wat jy sal waarneem is dat die persoon besig is om sy huis te vergroot of n besigheid het, naamlik n winkel of enige ander soort van n besigheid. Hy het toe hierdie belofte gemaak dat as hy op die raad gekies kan word, sal dit nooit gebeur, nie eers n bietjie dat die huur verhoog word nie. Hy het n belofte gemaak van die strate wat almal geteer gaan word as hy op die raad gekies is en die huise sal ook voorsien word van elektriese krag en daar sal straatligte wees. Na aanleiding hiervan(10) was daar toe n vraag aan hom gevra dat as hy nou nie voldoen aan hierdie beloftes wat hy maak soos die ander mense wat hy sê het beloftes gemaak voor hulle op die raad gekies was nie, wat hulle nie toe uitgevoer het nie, wat moet gedoen word. Hy is toe gevra "Hoe sal jy self jou beloftes kan vol hou en daaraan voldoen as jy sê die ander mense kon nie daarin slaag om te voldoen aan die beloftes wat hulle gemaak het nie?" Sy antwoord daarop was - ek was nie tevrede daarmee natuurlik nie. "Ons kan hulle uit stem dat hulle uit die raad uit gaan." Ek was nie tevrede met daardie (20) antwoord van Mkhiwane nie. Op n stadium het hy wat Mkhiwane is vir ons gesê dat hy R200,00 uit sy sak gehaal het as toelatingsfooie om te gaan staan as n kandidaat. My vraag daarop was "As dit nou nodig is dat n persoon R200,00 moet betaal om as kandidaat te gaan staan, wat verwag daardie persoon, wat gaan hy in omruiling daarvoor kry, dit wil sê wat is sy voordele wat hy gaan kry, waarvoor hy hierdie R200,00 betaal?" Waarop hy toe vir my in antwoord sê "Dit is volgens die wet dat n persoon wat gaan staan as kandidaat geld daarvoor moet betaal om te gaan staan as n kandidaat." (30)

Hy/...

Hy maak toe n voorbeeld aan my met dr. Koornhof. Hy sê vir dr. Koornhof om in staat te wees om daar in die parlement te wees, het hy ook geld betaal daarvoor. Na aanleiding daarvan vra ek toe aan hom wat van daardie mense daar in die parlement wat die kabinet is wat arm is? Hy het nie daardie vraag geantwoord nie. In plaas van om te antwoord op die vraag wat ek vir hom vra, sê hy hulle soebat niemand om te stem vir hulle daar nie en dié wat nie wil deelneem aan die verkiesings nie, moet net wegbly en nie daar deelneem nie. Dié wat wel kan deelneem - daardie woorde het hy baie (10) skerp gesê en dit het my baie sleg laat voel, om te hoor dat die persoon nie die vrae antwoord nie, want ons wou eintlik presies geweet het as ons gaan stem waarvoor stem ons. Met dit op daardie dag het dit vir my duidelik geword dat iets net nie lekker is in daardie raadslede se stories nie. Dit was as gevolg van wat hy vir ons gesê het as die raadslede daar gaan aansluit is hulle nog arm, maar onmiddellik na hulle in die raad gekies is, word hulle ryk. Wat my hier pla is dat hy nie vir my kan sê wat gaan hy kry vir hierdie R200,00 wat hy betaal het nie. Hoekom moet hy (20) daardie kans vat om R200,00 te betaal. Toe ek dit gehoor het, het ek besluit om my hoed te vat, op die kop te sit en toe gesien dat daar niks is wat wel is vir my om nog hier te wees nie. Dit is al wat ek wou gesê het.

MNR. JACOBS : Het jy kennis daarvan gedra dat die R200,00 wat betaal word as n deposito, as hy verkies word kry hy dit terug? As hy minder as n aantal stemme kry, dan verloor hy dit, as hy uitval? -- Ja, dit het ek nie geweet nie, maar die vraag ontstaan nog, na hy die R200,00 inbetaal het en hy word nou op die raad gekies, sonder daardie R200,00, (30)

as/...

as n mens nou moet dink, wat gaan hy kry vir daardie R200,00 wat hy betaal het as deposito.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

KHEHLA VITALIS NAMANE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Namane, kan u vir die hof sê, het u kennis gedra dat aan die begin van 1984, die eerste paar maande of die verkose raadslede en onder andere ook hierdie mnr. Mkhiwane - het hy vergaderings gehou daar in die wyk? -- Al het hulle miskien vergaderings(10) gehou het ek geen kennis daarvan gedra nie.

HOF : Ons het nou al die naam Mkhiwane en ons het die naam Makiwane. Wat is die regte spelling van die naam? -- Ons noem hom Mkhiwane, dit is nou die bure daar. Ek hoor ander mense as hulle van hom praat, dan praat hulle van Makiwane.

So, u weet nie hoe n mens dit spel nie? -- Nee, ek is nie seker nie.

MNR. JACOBS : Was daar nie luidsprekers gebruik om n vergadering aan te kondig van hierdie mnr. Mkhiwane, dat hy n vergadering daar gaan hou in Januariemaand, in Februarie (20) 1984 waar hy dan sou voorgestel word aan die mense en dat hy hulle behoeftes wil bepaal, wat hulle van hom verlang nie? -- Ongelukkig het ek dit nie gehoor nie. Al was dit daar gewees, het ek nog nooit daarvan bewus geword dat daar sulke vergaderings was nie.

Het hy nie eers self vir jou gesê terwyl julle by mekaar besoek afgelê het dat hy gaan n vergadering hou om by die mense uit te vind wat se behoeftes het die mense in daardie wyk van hom nie? -- Nee, op hierdie tydstip, nou laas, was dit nie moontlik gewees vir ons om mekaar maklik te sien (30)

nie/...

nie, want hy het die plek toegemaak met "stop "nonsens ".

HOF : U sê u was goeie bure en goeie vriende gewees. Het dit geduur totdat sy huis afgebrand het of het dit eintlik n bietjie doodgeloop met sy verkiesing as raadslid? -- Dit het voortgegaan, tot vandag toe. Ons is nog vriende. As ons mekaar raak loop, bly ons nog vriende.

Waar woon hy nou? -- Ek hoor hy bly iewers ver van my plek af aan die boonste gedeelte van die woonbuurt. Ek is nie seker van die gebied, of dit nou Gebied 10 is of watter gebied dit is nie. (10)

MNR. JACOBS : Na Februarie en selfs in Juliemaand, weet u of daar toe enige vergaderings deur raadslide in daardie wyk gehou was waar jy ook gewoon het om aan die mense te sê wat dan beplan word vir die toekoms en dat dit gaan geld kos? -- Nee, ek weet niks daarvan nie.

Weet u of sulke vergaderings plaasgevind het daar? -- Na die vergaderings daar was, het ek dit eers te hore gekom.

Wanneer het jy dit te hore gekom? -- Ek kan nie meer onthou wanneer dit was nie.

Was dit verdergaderings waarin verduidelik was indien(20) daar enige verbeterings in daardie gebiede aangebring moet word, dan gaan dit geld kos en dit sal noodwendig beteken dat die fooie moet opgaan ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hy was nie op die vergadering nie.

MNR. JACOBS : Ek laat dit dan daar. Net die feit dat dit gesê was, nie vir die inhoud daarvan nie, maar kom ons gaan aan. Op 5 Augustus 1984 het jy kennis gedra dat die raadslide daar vergaderings gehou het in die wyke om te verduidelik hoekom daar huurverhogings moet wees? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie. (30)

U weet niks van sulke vergaderings af nie? -- Nee, ek weet niks nie.

Op die vergadering van 26 Augustus 1984 het u gesê was daar liedere gesing gewees? -- Ja.

Jy het vir die hof 'n paar genoem wat jy kan onthou. Kan jy ook onthou dat daar gesing was van Mandela en Oliver Tambo? -- Ek kan onthou dat daar iets gesing was wat Mandela geraak het, maar wat Oliver Tambo betref het ek niks gehoor nie.

Kan jy onthou dat daar van Umkhonto we Sizwe gesing (10) was? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

3 September 1984, kan u vir die hof sê hoe laat het u die oggend opgestaan? -- Ek dink dit was na 11h00.

Het jy dan nie 'n maagaandoening gehad wat jy moeilikheid gegee het daardie oggend nie? -- Wat ek bedoel is dat ek opgestaan het en nie weer teruggekeer het na die bed toe nie was na 11h00.

Vroeër daardie oggend het jy toe al opgestaan gehad? -- Ja, om na die toilet toe te gaan.

Was dit 'n buite toilet? -- Ja, dit is 'n buite toilet. (20)

Kan jy sê van hoe vroeg af het jy al begin op staan om na die buite toilet te gaan? -- Ek kan sê die hele nag van die Sondag het ek nie 'n goeie nag gehad nie.

Vroeg daardie oggend van die 3de, die Maandagoggend, moes jy verskeie kere na die toilet toe gaan? -- Ja, twee of drie keer.

Hoe laat is jou kinders skool toe? -- Ek was aan die slaap gewees. Ek het nie gesien toe hulle weggaan nie.

Hoe laat het hulle teruggekom? -- Ek het eers bewus daarvan geword dat hulle skool toe was na 11h00. Die rede (30)

daarvoor/...

daarvoor is dat een van die kinders nog die skooluniform aangehad.

Weet jy wanneer het hulle teruggekome? Dit was my vraag?
-- Nee, ek weet nie.

Jy sê dit was na 11h00 wat jy opgestaan het en nie meer in die bed was nie? -- Ja..

Dit beteken enigiets. Kan jy vir ons meer besonderhede gee? Hoe lank na 11h00? -- Ek kan nie sê hoe laat dit was op die horlosie nie, maar dit was net na 11h00 gewees.

Ek wil vir jou 'n kaart gee van Sebokeng. Dit is (10)
BEWYSSTUK AAR1.

HOF : AAR1 is 'n lugfoto van Sebokeng.

MNR. JACOBS : Ek bedoel die lugfoto en vir my sê of jy kan uitwys op hierdie ding waar jou huis min of meer is?

HOF : Laat ons dit net 'n bietjie makliker maak. Dui vir die getuie aan waar Mkhiwane se huis is, nr. 24. -- (Getuie dui aan)

Die speld is ingedruk op nr. 24 wat Mkhiwane se huis is. Dit is nou wel 'n bietjie eienaardig gespel op die indeks.

GETUIE STAAN AF. (20)

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K1035 KHEHLA VITALIS NAMANE, nog onder eed

HOF : Net voor die onderbreking was ek besig om vir u te vra of u op BEWYSSTUK AAR1, dit is die lugfoto, eerstens of u verstaan. -- Ek sien dat daardie kopseld ingedruk is in die rooi strepe.

Maar begryp u wat is 'n lugfoto? Het u vandag u bril?
-- Nee, dit werk nie meer so goed nie en ek kan dit nie meer herstel laat word nie. Ek het dit nie eers saamgebring nie.

Kan u lees? Kan u 'n koerant of 'n boek lees soos u (30)

is/...

is? -- Nee.

Dankie, gee die bewysstuk maar terug.

MNR. JACOBS : Loop h busroete naby of voor jou huis verby?

-- Die busroete is omtrent h straat net bokant die straat waar ek woon.

Gebied 7 se bushalwe, is dit naby aan jou huis? -- Dit is nie baie naby nie. As ek byvoorbeeld stap van my huis na die bushalte toe en die reën val, en ek kom by die bushalte, dan is ek nat.

HOF : Ja, dit gebeur ook as ek na my tuinhekkie toe loop.(10)

-- Miskien as u h bietjie nat wil word vir die dag.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die hof h aanduiding gee as jy hier staan hoe ver van hier af, na die agterkant van die gebou, in die hofsaal hier, na die straat toe voor die hof? -- Ek is nie bekend met die omgewing hier in Pretoria nie. Dus kan ek nie vir die hof h aanduiding gee wat die distansie is hiervanaf nie.

HOF : Laat ons nou net eers verstaan waarvan ons praat.

Is dit korrek dat daar in Selbourne wat ook Njembestraat heet h bus loop? Ekskuus, dit is Njembezi? -- Ja, Njembezi. (20)

Dit is die roete van die busse wat Johannesburg toe gaan.

Is daar ook in Sebestraat h bus? -- Dit is die een waarvan ek praat die naaste aan my huis net bokant my straat.

As ons nou praat van die bushalte, dink ek die advokaat praat van die bus wat loop in Sebestraat? -- Ja, dit is waar my gedagte is.

Jy sê jy kan nie vir ons h aanduiding gee hoe ver dit van jou huis af is nie? -- Ek weet nie wat om te antwoord nie, hoe om te skat nie.

Was u huis aan die suidekant of aan die weste- of aan(30)

die/...

die oostekant van Mkhiwane se huis? -- Aan die suidekant.

MNR. JACOBS : En is ek korrek dat op h stadium het jy gister vir die hof hier vertel dat daardie oggend kon jy hoor daar het busse geloop, want jy het hulle gehoor, jy het geluide gehoor? -- Dit is die waarheid.

HOF : Was u toe nog in die bed? -- Ja, partykeer terwyl ek nog in die bed is, partykeer terwyl ek uit was na die toilet toe het ek hulle gehoor.

MNR. JACOBS : Die kere wat jy uit was na die toilet toe, het jy opgemerk daar in die lug of daar rookkolomme was? -- (10) Ek het nie opgelet nie. Ek het net uitgegaan en gehaas na die toilet toe. Daar was nie vir my tyd om nog na ander dinge te let nie.

En as jy teruggegaan het nadat jy in die toilet was? -- Daar was rook gewees soos dit normaalweg daar is. Daar word stowe, koolstoofvuur gemaak. So, daar is rook in die lokasie.

Het jy enige rookkolomme, digte rookkolomme opgemerk van plekke wat brand? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Ons het getuienis in hierdie hof gehad van mev. Gertrude Mkhiwane dat om 08h00 daardie oggend van 3 September 1984, (20) terwyl sy by haar huis was, het sy by die busstop van Gebied 7 h geraas gehoor. So h geraas dat sy eintlik bang geword het en haar huis verlaat het en by ander mense gaan skuil het drie huise weg van haar af. Het jy dit gehoor?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. JACOBS : Dit is volume 72 op bladsy 3 853. -- Nee, ek het nie die geraas gehoor nie.

HOF : Kan ons nou net by u vasstel, in watter rigting is die bushalte van u af? -- Aan die westelike kant van my huis is die bushalte.

(30)

Is die bushalte dan in Vilakazistraat? -- Ja.

MNR. JACOBS : En is jou huis nader aan die bushalte as dié van raadslid Mkhiwane? -- Nee, my skatting is dat die distansie dieselfde is

HOF : Is die busstop in daardie driehoek wat deur drie strate begrens word waarin die Commissioner's office, die kommissaris-kantoor lê? -- Dit is reg.

Grens die bushalte aan die kommissariskantoor? -- Ja.

MNR. JACOBS : Kan jy miskien aan die hof enige verduideliking gee dat terwyl jy die busse gehoor het dat jy nie die ander(10) geraas gehoor het nie? -- Ek is daarvan seker dat ek die geraas van die busse gehoor het, maar die geraas wat deur mense daar veroorsaak was, het ek nie gehoor nie.

Kan jy enige verduideliking gee hoekom nie? -- Ek sal sê dit is omdat daar geen so 'n geraas was nie.

Jy sien, ons het getuienis van die brigadier in die polisie, brigadier Viljoen, dat die oggend vanaf hier by 06h00 was daar busse gegooi met klippe by bushaltes en mense verhoed ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U sê nou daarso. Waar is daarso? (20)

MNR. JACOBS : In Sebokeng by bushaltes ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Onthou nou ons is met die getuie besig oor 'n spesifieke bushalte. Stel u dit aan hom dat by dié bushalte daar klippe gegooi is?

MNR. JACOBS : Nee, oor die algemeen dat daar by bushaltes in Sebokeng ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nou baie interessant, maar hoe help dit hom?

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat. Nou wil ek dit verder aan jou stel dat mev. Mkhiwane het gesê dat daarna tussen (30)

08h00 en 09h00 is haar huis wat dan direk agter jou huis aangeval deur h groot klomp mense. Wil jy vir ons sê jy weet daar niks van nie? -- Ek weet daar niks van nie.

En dat haar huis in daardie tyd toe ook aan die brand gesteeek was? -- In my getuienis het ek gesê dit was om 11h00 gewees toe ek opgestaan het. Ek het h geluid gehoor van klippe wat gegooi word en eers op daardie stadium het ek bewus geword dat dié plek, dit is die huis, aan die brand is.

Kom ons toets dit h bietjie. Toe jy nou opgestaan het (10) wat het jy gesien? -- Ek het eers my tee geniet in die huis toe ek opgestaan het.

HOF : Saam met u vrou? -- Ja.

En kinders? -- Nee, dit is nie ons gewoonte om enigiets saam met die kinders te geniet nie.

MNR. JACOBS : Waar was die kinders toe gewees? -- Ek sal sê hulle was iewers daar op die terrein. Ek kan hulle nie op h spesifieke plek plaas waar hulle was nie.

HOF : Hoe lank het die teedrinkery dan geduur? -- Omtrent tien minute. (20)

MNR. JACOBS : Is dit reg dat jy het na 11h00 opgestaan, maar jy kan nie vir ons presies sê wanneer na 11h00 nie? -- Ja.

Toe het jy nog vir tien minute gaan tee drink? -- Dit is h skatting.

En wat het jy toe gedoen? -- Ek het gevra om water te kry sodat ek kan was.

Het jy toe gaan was? -- Ja.

Hoe lank het dit jou geneem? -- Ek is nie seker nie.

Jy het nou h tydjie geneem om te was. En toe jy klaar gewas het? -- Ja, dit het h tydjie geneem. (30)

Wat/...

Wat toe? -- Dit was eers daarna dat ek gehoor het dat klippe gegooi word aan die agterkant, dit wil sê die agterkant van my huis.

HOF : Teen die agterkant van u huis vas? -- h Mens kon hoor dat daar vensterruite besig was om te breek.

Maar dit was nie u vensterruite nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : En toe? -- Die plek het toe gebrand daar terwyl ek so gekyk het. Eintlik het ek niks meer as dit gesien nie, want my uitsig is versperk.

Het jy uitgegaan? -- Uitgegaan tot op my perseel. (10)

En al wat jy sien is dat die huis brand? -- Dit is wat duidelik sigbaar was.

Was die huis al uitgebrand op daardie stadium of wat? -- Nee, die dak van die huis was nog sigbaar gewees.

Kon jy die vlamme sien? -- Ja, ek het.

En jy het niks gehoor verder nie, behalwe die ruite wat jy vroeër gehoor breek het? -- Ek het gesien dat daar baie mense in die strate was, maar ek het toe nie geweet wat is nou aan die gang nie, hoekom dit so is nie.

In watter straat het jy die baie mense gesien? -- In (20) my straat. Die mense het daar in verskillende rigtings beweeg.

Was dit sommer los mense wat daar in verskillende rigtings beweeg het? -- Dit het gewissel, een, twee, ses mense. So h klein klompie mense.

Hoeveel mense sal jy sê was daar in jou straat? -- Omtrent dertig.

Jy het niks gesien in die straat wat voor mev. Mkhiwane se huis verby loop nie? -- Ek het niks gesien nie, want die uitsig is belemmer. (30)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Deur die "stop nonsens"? -- Ja.

MNR. JACOBS : En langs die "stop nonsens" deur die ander bure se erwe kon jy niks sien nie? Is daar ook "stop nonsens" op? -- By die huis wat aan die regterkant van Mkhwane se huis is, dit is daardie buurman, is daar nie 'n "stop nonsens" nie.

Kon jy niks sien nie? -- Ek het niks snaaks gesien nie, behalwe dat ek voertuie natuurlik gesien het wat net daar verby gery het.

HOF : U kon op die pad kyk? -- Ja, as ek nou in my erf (10) staan kan ek in die pad sien.

MNR. JACOBS : Wat se voertuie het daar verby gery wat jy gesien het? -- 'n Broodwa wat ek opgemerk het. Die ander kan ek nie so goed onthou wat se tipe voertuie dit was nie.

En jy het niks gehoor op daardie stadium nie? -- Ek het gesê ek het gehoor dat daar klippe gegooi word en die brand waarvan ek gepraat het. Verder die res, was maar die normale gebeure wat 'n mens normaalweg sien.

Sê net vir my as ek jou verkeerd verstaan het. Ek dog jy het hierdie klippe en ruite wat gebreek het gehoor (20) terwyl jy nog in jou huis was? -- Ja.

Ek praat van toe jy nou uitgegaan het. Het jy toe niks gehoor daar nie, niks snaaks daar geklink nie? -- Ek het gehoor dat dit besig was om te brand omdat dit geblaas het. Iets het geblaas daar wat aan die brand was en ek kon sien dat daar brand was.

Het jy enige mense gehoor daar toe jy uitgegaan het? -- Ek het nie persone gehoor wat gepraat het of 'n geraas gemaak het nie.

Het jy dadelik uitgegaan toe jy gehoor het daar word (30)

klippe/...

klippe gegooi en daar is ruite wat breek? -- Ja.

Hoe hoor jy klippe wat gegooi word? Ek kan verstaan dat jy hoor ruite wat breek, maar hoe hoor jy klippe? -- Nee, nee, ek het verkeerd daar geantwoord. Wat ek bedoel het is dat ek het gehoor dat die vensterruite besig was om te breek as gevolg van die klippe wat gegooi word.

Is dit nie moontlik dat dit gebreek het as gevolg van die hitte van die vuur nie? -- Nee, ek kon hoor dat daar n klip die vensterruit tref wat dit breek.

Is dit n afleiding maar wat jy maak omdat daar n (10) ruit gebreek het? -- Dit is wat ek gedink het het gebeur daar toe die vensterruite gebreek het dat dit met klippe gegooi word.

Hoekom? Jy het mos nie verwag daar gaan enige moeilikheid op die 3de wees nie, jy het geen moeilikheid hoegenaamd verwag nie. Hoekom het jy nou gedink daardie huis word met klippe gegooi? -- n Ding kan sommer gebeur enige tyd, sonder dat n persoon daaraan gedink het dat dit kan gebeur.

Maar my vraag aan jou is, hoekom dink jy nou hierdie huis word aangeval met klippe? -- n Mens kon hoor dat die (20) huis met klippe aangeval word.

Nou kan jy dit weer hoor. Kom ons los dit daar. Het jy dadelikgestap om jou goeie buurman te gaan help en te hoor wat daar aangaan, of daar iets is in die huis wat aan die brand is en wat daar gebeur? -- Ek het om die blok geloop om te voorskyn te kom by hierdie plek, want daar is geen ander manier om by die straat uit te kom sonder om om die blok te gaan nie. Ek het op n stadium om die blok gekom.

Het jy gaan hulp aanbied daar om te kyk of jy die mense kan help? -- Die manier waarop daardie plek gebrand het, (30)

was/...

was daar geen manier waarop n mens kon gedink het waarmee kan ek help nie.

Het jy nie gaan kyk of mev. Mkhiwane - of jy haar kan help met enigiets nie? Het jy niks gedoen nie? -- Wat ek geweet het is dat mev. Mkhiwane is n persoon wat werk. Met ander woorde, sy is by die werk.

Nou verstaan ek jou glad nie. Dit is dan besluit die mense gaan nie werk daardie dag nie, jy self het nie gaan werk nie. Hoe sou sy nou by die werk gekom het? -- Dit is so. Die besluit was n besluit gewees van die inwoners. (10) Wat betref mev. Mkhiwane, sy is n raadslidvrou, dit wil sê haar man is n raadslid. So, ek glo nie dat hulle enige ag op hierdie beslissing kon gee nie.

Ek wil dit aan u stel, u het geweet dat daardie huis word aangeval met klippe. Dit is hoe u geweet het van klippe wat na daardie huis toe gegooi word. U het al die tyd geweet raadslede se huise gaan aangeval word? -- Nee, u stelling is nie die waarheid nie.

En wat meer is wil ek aan jou stel, jy het ook nie hulp gaan aanbied daar nie, omdat jy nie simpatie met die (20) mense gehad het nie, omdat hulle raadslede is en dat volgens die plan was dit dat hulle huis afgebrand was? -- Dit is nie my getuienis dat ek nie simpatie met die mense gehad het nie. Dit is u stelling daardie.

U het ook nie gaan help vir die mense nie? -- Ek het gesê dat ek om die hoek gekom het, maar die manier waarop daardie huis gebrand het, was daar niks gewees wat ek kon gedoen het nie.

HOF : Het u gaan simpatiseer met mev. Mkhiwane? -- Ek weet nie eers waar hulle was nie. (30)

Tot/...

Tot vandag toe, het u gaan simpatiseer met mev. Mkhiwane?
-- Ek het Mkhiwane raakgeloop en my verbasing aan hom uitgespreek.

Waar het u hom raakgeloop? -- Ek was op pad na die dokter toe vir behandeling in die nabyheid van 'n hostel waar Mkhiwane in die omgewing 'n winkel eien. Ons het dus mekaar daar raakgeloop.

MNR. JACOBS : En ek wil dit ook aan jou stel dat daardie Teachers Training College was ook aan die brand gesteeek op daardie stadium? -- Ek het daarvan gehoor. (10)

Maar jy moes dit tog ook gesien het. Jy het om daardie blok geloop. Hier brand mev. Mkhiwane se huis. Dan moes jy ook mos gesien het daar brand die Teachers Training College. Daar moes tog rook daar ook gewees het? -- Die onderwyskollege is nie sigbaar vanaf die punt waarvan ek praat nie.

Tog, die rook wat bokant hom uitgekom het toe hy gebrand het moes jy gesien het? -- Die enigste rook wat ek opgelet het, wat my eintlik die gedagte en aandag getrek het, is die een wat daar was as gevolg van die brand van Mkhiwane se huis. (20)

Was dit 'n digte rookkolom wat in die lug in op getrek het? -- Is dit nou by Mkhiwane se huis?

Ja? -- Ja.

Baie hoog op getrek? -- Ek het nie gestaan en kyk hoe hoog dit getrek het nie.

En ek wil dit ook aan jou verder stel dat u het nie daardie lawaaiery van die mense by die busstop gehoor nie, omdat u ook geweet het daar gaan sulke dinge gebeur? -- Waarvandaan het ek dit geweet?

Dat op daardie dag van 3 September sal die raadslede (30)
se/...

se plekke aangeval word en mense sal verhoed word om te gaan werk by busstoppe en ek stel dit ook aan jou verder dat jy moes ook gehoor het dat daar so 'n groot klomp mense mev. Mkhiwane se huis aangeval het en jy sê nou vir die hof jy het dit nie gehoor nie omdat jy daarvan geweet het en jy probeer dit nou wegsteek.

HOF : Dit is nou 'n hele klompie dinge wat u gelyktydig aan die getuie stel en ek het probeer om een-derde af te skryf en nie daarin geslaag nie. Nou weet ek regtig nie waarop die getuie moet antwoord nie. (10)

MNR. JACOBS : Ek sal dit so stel dat jy het geweet dat raadslede en raadseiendom sal aangeval word daardie dag. Wat is jou antwoord op my vraag.

MR BIZOS : With the greatest respect, the witness is not entirely wrong in posing the rhetorical question. There is no evidence anywhere that this witness knew. The best the state can do is ... (Court intervenes)

COURT : One need not lead evidence of what every witness that can possibly be called should know. That one need not lead. (20)

MR BIZOS : Obviously not.

COURT : He is not a party to the case.

MR BIZOS : There is no evidence that this witness was in any place at any time when it was said that councillors houses would be stoned and burnt on the Monday morning.

COURT : The difficulty the state has is that the state I take it is going to argue that this witness had prior knowledge of the attack on the house at least of Mkhiwane and possibly others. If the state does not put it to this witness, how can the state argue that? The state is going (30) to/...

to argue it on the basis of deductions from certain facts that might be found to be proved. It has to be put. Otherwise your objection in the end will be "You never put it."

MR BIZOS : The objection obviously would have been made on that form, but what I submit with the greatest respect is that it cannot be put to witnesses affirmatively that they had knowledge or were party to a criminal conduct without there being evidence about it.

COURT : The state is going to allege that on the facts before the court one can make that deduction. Whether (10) the state is correct, that is an entirely different matter but if it is going to be argued, at least it has to be put.

MR BIZOS : Well, if it is put on the basis .. (Court intervenes)

COURT : And I cannot at this stage determine how strong or weak the evidence is upon which the state will argue its case.

MR BIZOS : I realise that. I will withdraw the objection, but could the question be put on the basis that it is something that the state is going to argue and to be put affirmatively that there is evidence, because it may confuse the witness that somebody has given evidence that he himself knew about this. (20)

HOF : Stel net aan die getuie dat u aan die einde van die saak die volgende gaan argumenteer. Wil hy daarop kommentaar lewer, behalwe as daar positiewe getuienis is.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat ek gaan argumenteer aan die einde van die staat se saak dat u was te alle tye op 3 September 1984 bewus dat daar gaan aanvalle geloods word teen raadslede en raadseiendom en eiendom van raadslede. (30)

Ek/...

-- Ek het geen so n kennis gehad nie.

En ek wil dit aan u stel dat ook op daardie 3de September moes u die geraas by die bushalte gehoor het en u het dit in werklikheid gehoor. Dit sal my argument wees aan die hof. -- Ek het nie die geraas gehoor nie.

En dan stel ek dit ook aan u, as n groot klomp mense die huis van mev. Mkhiwane aangeval het daarsō, dan moes u ook die mense gehoor het toe hulle daardie huis aangeval en aan die brand gesteeek het? -- Ek het n geraas gehoor van die breek van vensterruite en klippe. Ek het nie n persoon(10) se stem gehoor wat n lawaai gemaak het daar nie.

